SA Media - The University of the Orange Free State
Page: 1
Source: BURGER
Date: 06-Jun-2001
Topic: 08
Ref No: 8265
1
ID: 02714683-01
Source Page: 3

# Regering kry R3 miljard van Sasria

JACO LEUVENNINK

KAAPSTAD. – Die regering het sedert die Begroting meer as R3 miljard as spesiale dividend van Sasria ontvang, wat die totaal tot dusver vir skuldaflossing ontvang op R10,4 miljard te staan bring.

Dié terugbetaling spaar die staat reeds jaarliks R1,19 miljard aan rente, het die minister van finansies, mnr. Trevor Manuel, in antwoord op 'n vraag in die Parlement gesê.

Sasria maak voorsiening vir versekeringsdekking teen politieke onrus, maar is in 1998 ingevolge die Wet op die Omskakeling van Sasria in 'n staatsbeheerde maatskappy omgeskep. Omdat die risiko van politieke onrus afgeneem het, het die wet bepaal dat onafhanklike aktuariële raad verkry moes word oor hoeveel reserwes nodig was om sy verpligtinge na te kom. Spesiale dividende kon dan op grond van dié raad uit die reserwes vir skuldaflossing aan die regering betaal word.

Manuel het gesê die versekeringslisensie wat aan Sasria uitgereik is, bepaal dat net skade wat voortspruit uit politiekgemotiveerde, burgerlike of arbeidsonrus gedek kan word.

Manuel het gesê daar word nie verwag dat die strategiese wapenaankoopprogram die ekonomie of die begrotingstekort negatief sal raak nie. Manuel het gesê die ekonomiese uitwerking daarvan is deur die komitee van verantwoordelike ministers ondersoek en gehanteer binne die fiskale ruimte wat die Gear-groeistrategie en mediumtermyn-bestedingsraamwerk laat.

Die kredietgeriewe, wat onder meer deur die Europese Uitvoerkredietagentskap (EECA) verkry is, vorm deel van die mediumtermynleningsprogram. Hoewel premies van tussen 6,4% en 8,8% op lenings aan die EECA betaal moet word, is die leningsvoorwaardes en vaste koerse wat vir die volle tydperk van die lenings sal geld, baie gunstig.